

DIE KONINGIN

VAN DIE SUIDE



Dankie, Broer Joseph, dankie, broer.

2

Mag maar sit. Dis 'n voorreg om hier te wees vanaand, maar ons kan net nie lank genoeg bly wanneer ons kom nie, ons is net in en uit. En ek het Broer Joseph my soveel keer op die platvorm hoor bekendstel, en ek trek aan sy baadjie en alles, om hom te keer om daardie dinge te sê, maar hy sê hulle net, in elk geval. So hy . . . Ek sal liewer nou vir 'n persoon 'n roosknoppie gee, as 'n hele krans na hulle weg is.

3 En vir hierdie konvensie wil ek sê dat, nie net omdat hy hier sit nie, dit sou 'n skynheilige wees, maar Joseph Boze was een van die beste vriende wat ek ooit gehad het, dis presies reg. Hy's 'n —'n wonderlike broer, ek het hom gevind net, eerlik, net so eerlik as wat hy kan wees, en 'n regte man wat God liefhet. Ek sê dit nie omdat hy die mooi komplimente gee wat hy doen nie, maar ek sê dit uit—uit 'n ondervinding, dat ek weet waarvan ek praat.

4 En hy verlaat Chicago binnekort, en hulle verloor een van die beste manne wat ooit na Chicago toe gekom het wanneer Joseph Boze daar weggaan.

5 En ek het beslis al ons gemeenskap waardeer in Chicago en die wonderlike dienste wat ons saam gehad het, God alleen weet wat dit beteken het. En eendag in 'n wêreld anderkant hier waar tyd sal ophou en die Ewigheid daarmee sal saamsmelt, sal ons dit alles bespreek, ek en Joseph, van die wonderlike dinge wat gedoen is. Het 'n lieflike familie, lieflike kinders, pragtige kerk, lieflike lidmate, baie goeie prediking.

6 Almal het altyd gesê: “As Broer Branham nie in Jeffersonville is nie, skakel óf Chicago, Mattsson-Boze, óf Shreveport, Louisiana, Jack Moore,” ek was een van die twee plekke, heen-en-weer gegaan. Want hulle was albei my goeie vriende, en net sodra ek een aand gehad het ver in die toekoms iewers, sou *daardie* een my gryp, voor ek by 'n ander een kon kom, sou 'n *ander* een my gryp. So ek sou vir hulle sê, ek sou sê: “Broer, ek—ek het baie ander gawe broers wat ek net 'n bietjie moet besoek, jy weet, en met hulle praat.”

7 Ek wil beslis sê, dat ek die voorreg waardeer wat ek gehad het om by hierdie konvensie te preek. Hierdie groep verteenwoordig waarvoor ek staan, 'n gemeenskap met alle mense, ongeag van geloofsbelijdenis, kleur, of ras, of wat ook al, ons hou gemeenskap saam, het geen denominasionele grense nie, net 'n groep manne wat gemeenskap hou. As jy Metodis, Baptis,

Presbiteriaan is, dit is van volle Evangelie aard. Maar as jy 'n Metodis is en gemeenskap wil hou met hulle, kyk of hulle jou sal wegwys, Baptis, Presbiteriaan, of wat jy ook al is, maak geen verskil vir hulle nie, hulle het hand uit, 'n goeie handdruk; ek hou daarvan. En dis waarvan ek dink die Here ook hou, is vir al Sy kinders om gemeenskap te hou.

⁸ En ek wil verskoning vra vir Greenville en vir die konvensie, om so moeg na julle toe te kom. En wanneer ek moeg is, is ek . . . is jy nie op jou beste nie; ek is al van Kersfees af die heelyd aan die gang. Ek sal hier vertrek môre-oggend, reguit opgaan na Green Pines, dink ek, [Broer Boze sê: "Nee, dis Southern Pines."—Red.] Southern Pines, Southern Pines, Noord-Carolina, dink ek is dit, Suidelike . . . Dit behoort Suid-Carolina te wees, nie waar nie? Southern Pines, Noord-Carolina. En daarbo wees vir vier dae, en dan verder na Filadelfia na die Volle Evangelie Sakemanne se Internasionale Konvensie.

⁹ En dit moet in Filadelfia, Pennsilvanië wees, om mee te begin, sal ek preek, veronderstel is om te preek by die ontbyt op die oggend van die agt-en-twintigste, en dan, dink ek, die eerste wat die konvensie begin. En dan, moet ek my goeie vriend Oral Roberts, en Tommy Hicks, en nog baie van die broers, ontmoet by hierdie konvensie, van predikerbroers.

¹⁰ Billy het my net nou gesê dat hulle 'n liefdesoffer, (Is dit reg?), 'n liefdesoffer vir my opgeneem het. Ek waardeer dit, ek—ek het nie daarvoor gekom nie, ek vra nooit daarvoor nie. Ek het nog nooit in my hele lewe 'n offerande opgeneem nie, ek het nog nooit 'n offerande opgeneem nie. Ek is al vir sewe-en-twintig jaar 'n prediker, en ek het nog nooit in my lewe een offerande opgeneem, of nooit een pennie salaris in my lewe gehad het nie, ek lewe net van die aalmoese van die mense.

¹¹ Ek het sewentien jaar gewerk as wildebewaarder en as 'n elektrisiën, by 'n openbare dienste maatskappy, en was die pastoor van die Baptiste Tabernakel by Jeffersonville, die tiende gemeen van wat ingee is, dit nog nooit eens gesien nie, regdeur die kerk gegaan, en die kerk gebou, ensovoorts, en tiendes en offergawes aan die kerk betaal, sewentien jaar sonder een pennie. En ek sou . . . wens dat ek 'n werk gehad het waarnatoe ek kon gaan met 'n pik en graaf, of 'n hamer, of *so-iets*, is omtrent al wat ek kon, genoeg durf het om te doen, 'n sloot of iets te grawe, te werk, een of ander elektriese werk, en nie enige tyd 'n offerande hoef op te neem nie. As ek dit kon doen, sou ek dit graag doen, ek's nie so jonk soos ek toe was nie.

¹² Ek het 'n verjaarsdag gehad nou die dag, en laat ons sien, ek dink ek was, my vrou sit hier, so ek moet versigtig wees, ek dink ek was vyf-en-twintig, ek was net 'n bietjie oor vyf-en-twintig, ek is gebore in 1909, so dit maak my 'n bietjie oor vyf-en-twintig,

nie waar nie? Net 'n—net 'n bietjie oor vyf-en-twintig. So, ek sal hiervan hoor.

¹³ Ek onthou een aand, sy kry my altyd voor stok omdat ek hierdie sê, ek . . . ons het 'n noue ontkoming gehad waar ek amper eenkeer 'n offerande moes opneem, ons kon nie uitkom nie. Het julle al ooit daardie punt bereik? En so het ek gesê: “Skat, ek gaan vanaand 'n offerande opneem.”

Sy het gesê: “Ek gaan soontoe om jou dit te sien doen.” So sy het gaan sit.

¹⁴ En ek het gesê: “Mense, ek gaan 'n offerande opneem, ek's net in 'n klein verknorsinkie. As julle almal tien, vyftien sent het wat julle kan ingooi, my help om oor hierdie probleempie te kom, sal ek dit waardeer.”

¹⁵ Ek het gesê: “Oom Jim,” Wiseheart, een van die diakens, ek het gesê: “sal jy my hoed kry?” Ons het nie eens 'n kollektebordjie gehad nie. Hy het my hoed gaan kry.

¹⁶ Klein, ou vroutjie, het altyd reg onder aan my regterkant gesit, die heeltyd vir my gebed, sy's in die Hemel vanaand, sy het een van daardie ou voorskootjies aangehad wat jy die sak aan die binnekant gehad het. Hoeveel het ooit een van hulle gesien, julle suidelike vroue? Sekerlik.

¹⁷ Ouma het altyd een gehad, sy het haar pyp en haar tabak daar binne-in gedra, ou kierietjie, en 'n lang, kleipyp. Het julle ooit een gesien? Sekerlik. Ouma het een gehad, die familie sou kom, sy sou dit hier onder insteek en haar vinger daarop hou, en dan, keer dat dit haar voorskoot brand tot die . . . Het geen verskil aan die hand gemaak nie, julle weet.

¹⁸ Maar sy, hierdie vroutjie het haar hand daaronder ingestee, en een van daardie beursietjies gekry wat oopknip aan die bokant, daaronder begin voel vir daardie tiensente, ek kon dit nie doen nie. “O,” het ek gesê: “ek het julle net geterg.” Daardie ding sou my die res van my lewe gepla het, ek daardie vrou se tiensente gevat het. Ek het gesê: “Ek het julle net geterg, gekyk wat julle sou sê.”

En Oom Jim staan daar met my hoed in sy hand, hy het gesê: “Wat bedoel jy, Billy?”

Ek het gesê: “Hang my hoed op, Oom Jim. Ek het julle net geterg.”

¹⁹ 'n Ou man wat altyd na my huis toe gekom, op 'n fiets gery het, hy het van Benton Harbor af gekom, het lang baard en hare gehad, ou Broer Ryan, baie van julle het hom dalk geken, en hy het op 'n ou fiets gery daaronder, en dit het afvallig geraak. En hy het dit gegee . . . Dit het nie afvallig geraak nie, dit was net gedaan. Dit was . . . was nie afvallig nie, dit was net gedaan. So, hy—hy het dit daar gelos en dit vir my gegee. En ek het afgegaan na die tien-sent winkel toe, en 'n blik verf gekry, en dit geveer, en

dit verkoop. Het die geld gekry, en aan die einde moes ek in elk geval nooit 'n offerande opneem nie. So, dit was die naaste wat ek ooit gekom het om 'n offerande op te neem.

20 Nou, wat vir my gegee word, ek plaas dit, elke pennie wat ek kan, en alles wat ek weet, na die beste van my wete, in die Koninkryk van God. Ek het drie kinders om te voed en 'n vrou, ons het baie onkoste. My uitgawes by die huis beloop omtrent 'n honderd dollar per dag by my kantoor.

21 Julle sê: “Dis baie, Broer Branham.”

22 Dis omtrent die minste van enige evangelis op die veld. Wat dink julle moet Oral Roberts 'n dag hê? Laaste wat ek van hom gehoor het, was seweduisend, ek dink dis nou omtrent tien, tienduisend elke dag. Wat dink julle het Billy Graham elke dag? Ek het eenkeer 'n skatting gehoor wat vyf-en-twintigduisend per minuut was, op televisie dink ek was dit, en sy radio, kos 'n klomp geld.

23 Maar ek het my dienste klein gehou, ek het nog nooit groot probeer word, of een of ander yslike groot program te hê, waar ek mense moet smeeke vir geld nie. Wanneer dit so word, sal ek die Bybel toevou en teruggaan na my tabernakel toe. Sien? Ek hoef dit nooit te doen nie, mag God my help om dit nooit te doen nie. En ek het nog nooit groot programme gehad nie, so ek kan na 'n kerk toe gaan wat tien huisves en 'n herlewing hou, of as die Here wil hê ek moet preek vir 'n honderdduisend, stuur Hy iemand om daarvoor te betaal, so, ek gaan aan en preek vir 'n honderdduisend. So, dis hoe ons lewe, so hoef net nie geld te hê nie; net baie klein.

24 En so nou, die Here seën elkeen van julle, ek is bly om hier in Greenville te gewees het. En julle, een van julle pastore het my op die trap ontmoet net 'n paar oomblikke gelede en my uitgenooi na sy tabernakel toe, Broer Bigby, dink ek is dit. Gekom as 'n, van sy afvaardiging van hieronder iewers, Charlotte af, dink ek was dit, en hulle is almal bymekaar [’n Broer sê: “Columbië.”—Red.], Columbië, almal daaronder bymekaar vir 'n groot herlewing.

25 Het pas woord ontvang vanaf Madison Square Garden in New York, dat die Spaanse mense dit elke aand sal volmaak, tien aande na mekaar, daar is omtrent 'n honderd vyf-en-sewentigduisend Spaanse Pinksters reg in New York Stad. Sien? Sonder 'n wit persoon wat daar sal wees, sal die Spanjaarde Madison Square Garden vul, en daarvoor betaal vir tien agtereenvolgende aande, net om na die diens toe te kom. Skakel van oral af, en hier is ek moeg en uitgeput. Broers, bid vir my.

26 Ek moet hierdie wêreld een van hierdie dae verlaat, maar ek wil dit met 'n opregte hart verlaat, deur die allerbeste te doen wat ek kan vir die Koninkryk van God, en in die tuig te gaan, dis hoe ek wil gaan. Mag God help en klein Joseph, my seuntjie

hier, in my plek sit om voort te gaan met die bediening as Jesus vertoef.

²⁷ Nou, vanaand staan ons voor die afsluiting van hierdie herlewing, hierdie konvensie. Ek dink volgende jaar gaan dit by Evansville wees, onder in Indiana. Ek het 'n—'n neef daaronder, Mnr. Vibbert het 'n groot Gemeente van God Kerk, wat omtrent 'n stadsblok beslaan. En ek hoop om volgende jaar daar te wees by die konvensie.

²⁸ God seën julle, broers, hou goeie moed. En julle het 'n goeie konvensie gehad, en God het julle geseën, en so mag Sy seëninge voortgaan op elkeen van julle, en mag julle bedienings groei en die heelyd groter en groter wees, is my opregte gebed. God seën elke ander kerk wat hier rondom Greenville is en wat meer, julle die beste gee van die Koninkryk, my opregte begeerte en gebed.

²⁹ Broer Mercier en Broer Goad is hier iewers, en hierdie is die afsluitingsaand, hulle het hulle bandopnames, en, van die dienste, en die preke, en die Boodskappe op beide plaat en bandopname, die boeke en foto's is by die tafel aan die agterkant. Julle gee vir hulle om, ons doen. . .

³⁰ Dis nie 'n geldmaak skema wat ons het nie, ek koop daardie boeke by Broer Gordon Lindsay teen veertig sent minder, koop hulle by die duisende. Tyd wat ek vir hulle betaal en hulle rondstuur, hier ek. . . as ek hulle sou verkoop net presies waarvoor ek hulle gekoop het, verloor ek geld. En enigiemand wat hier is wat arm is en nie het nie, een van die boeke wil hê en nie die geld het om daarvoor te betaal nie, vat dit in elk geval, met my komplimente, foto, enigiets anders. Daar is kopiereg op die foto en dus moet ek daarvoor betaal. Net sodra ons dit gedruk kry, sit ons dit reguit terug daar en verkoop dit. Maak geld uit niks, ons wil bekeerlinge maak vir Jesus Christus, dis ons doel daarmee, is bekeerlinge. Die Here seën julle.

³¹ Ek het 'n paar oomblikke gelede gekyk, my vrou het gesoek na 'n vriend hier, en Mev. Downing van onder in Tennessee iewers, en hulle is veronderstel om in die diens te wees, en ek weet nie of Meda haar al gekry het of nie. En as sy hier is, wel, sy soek na jou, Mev. Downing, waar jy ook al is.

³² Laat ons nou ons hoofde buig net vir 'n oomblik van gebed voor ons die Woord bring. Hoeveel wil ingesluit word in gebed, sal julle net julle hande opsteek na Christus, en sê: "God wees genadig, ek's nou hier, en ek's behoeftig, en help U my vanaand, U weet wat my behoefte is"? God seën julle, oral.

³³ Hemelse Vader, ons dank U vir alles wat ons gesien, gehoor, en gevoel het, gedurende hierdie konvensie. En ons vra dat U seëninge rus op hierdie groep manne, wat hulle voorgeneem het in hulle hart om nie hulleself te besoedel met die dinge van die wêreld nie, maar om die onvervalste Evangelie van die Here Jesus te preek, seën hulle in hulle pogings. Seën die mense wat hulle

die—die saal hier laat kry het, en die konvensie, en al die kerke, die lekedom, en die mense wat offerandes ingesit het om hierdie dinge moontlik te maak. Dankie vir hulle almal, Vader.

³⁴ En nou, wil ons vra dat U ons vanaand sal gee, een van die grootste seëninge wat ons ooit gehad het vandat ons in U diens was. Praat met ons deur U geskrewe Woord, manifesteer Dit deur die Heilige Gees, maak die bladsye oop, Here, en lê die Woord uit vir ons, soos ons nederig honger en dors na geregtigheid.

³⁵ Red diegene Here, wat verordineer is tot die Ewige Lewe, mag die Heilige Gees spesiaal tot hulle harte spreek vanaand, en dit die tyd sal wees dat hulle daardie klop aan die deur sal hoor en oopmaak. Genees die siekes en beproefdes, en mag hierdie 'n groot aand wees, en mag daar nie een swak persoon in ons midde wees wanneer die diens verby is nie. Ons sal vanaand gelukkig en verheug weggaan, in die vertroue dat ons sal sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: “Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?” Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

³⁶ Gou te maak soos hierdie, net so vinnig as wat ons kan, en partymaal moet ek 'n teks lees wat ek een of ander tyd tevore gelees het, en nie kans om baie te studeer nie, en om 'n klein konteksie te kry, gewoonlik nie op presies dieselfde manier, waarvan ek gepraat het nie. Ek kan een teks neem, of enige ander prediker, wat die Heilige Gees gesalf het, en 'n honderd jaar preek en dit elke keer anders maak, soos die Heilige Gees lei.

³⁷ Maar vanaand...Pastoor Mattsson was bo by my kamp vandag, en hy het gesê: . . .Ek het gesê: “Broer Mattsson, dink jy dat die mense wil hê ek moet vanaand weer vir die siekes bid?”

Hy het gesê: “Definitief, Broer Branham.”

³⁸ Ek het gesê: “Billy, dan beter jy afgaan, 'n paar gebedskaartjies uitgee,” en ek het gesê: “want ek weet nie of hulle gisteraand die gebedsry laat aanhou het om hulle almal deur te kry of nie, hoe dit ook al sy, gee weer 'n paar gebedskaartjies uit. Hulle wat hulle het, as hulle nog een wil hê, gee dit vir hulle, ons sal weer vanaand bid.”

³⁹ Nou, ek wil hê julle moet onthou dat die einste ding waarna ons probeer streef, dit is dat Jesus Christus nie dood is nie, maar lewendig is, en Hy's net dieselfde vandag as wat Hy was toe Hy Galiléa bewandel het, Hy's nét nie in 'n vleeslike liggaam nie, maar in Sy—Sy Kerkliggaam, wat deur elke lidmaat werk soos Hy hulle verordineer het om te doen. Glo julle dit? So daarom sou dit nie hande oplê wees nie. En ek wil vanaand sê. . .

⁴⁰ Hoeveel van my vriende hier is van buite die stad, buite hierdie stad hier? Laat ons julle hande sien. Wel, dis wonderlik, negentig persent van die gemeente, dis baie gaaf, goed.

41 Nou, daar's 'n verandering wat kom in my bediening. En hoeveel, sou daar een hier wees wat onthou toe ek die eerste keer op die veld begin het? Laat ons jou hand sien. O, goeiste, daar's verskeie! Julle onthou hoe dit vir my gegee is deur die Engel van die Here, dat ek my linkerhand sou neem en dit lê op die—die persoon wat siek gestaan het, en nie my eie stem gebruik nie, en Dit sou uitspreek en vir hulle sê wat verkeerd was met hulle? Onthou julle dit?

42 En julle onthou ek het vir julle gesê dat die Heilige Gees vir my gesê het daardie aand toe ek met Hom gepraat het, wat dit sou wees? En gesê: “Dan as jy opreg sal wees, sal dit kom by 'n plek waar jy die einste verborgenheid van hulle hart sal ken.” Hoeveel van julle wat in my eerste dienste was, het my dit hoor vertel voor dit ooit gebeur het? Steek julle hande hoog op. Dis goed. Nou, het dit gebeur?

43 Toe het Hy gesê: “As jy sal voortgaan om opreg en nederig te wees, sal dit groter en groter word.” En nou, hierdie bediening gaan nou 'n trap hoër gaan, in 'n ander sfeer in, waar dit ver bokant sal wees wat dit nou is. Ek weet net nie wat dit is nie, maar ek is gewaarsku deur die Heilige Gees om, vinnig nou, my dienste af te sluit, my laaste een sal in Filadelfia wees, en in die heuwels ingaan en op die Here wag om te sien watter kant toe om hierdie bediening te neem. Wanneer ek weer uitkom, sal dit in 'n nuwe bediening wees; hierdie bediening sal nooit ophou nie, hierdie bediening sal voortgaan, die eerste sal voortgaan, dis steeds net dieselfde.

44 God gee gawes, Hy neem nooit gawes weg nie. Hy...Jou gawe bly, maar as jy eerlik sal wees met wat jy het, sal God ander talente neem en hulle net bly opgooi as jy net aanhou klim. Hy het dit nog altyd gedoen. Soos in die Lutherse tydperk, na die Wesley tydperk, na die Pinkstertydperk, en aan, en aan, en aan, en aan, en aan, daar's geen beperking daarop nie, God hou aan. So, bid vir my, want ek het julle gebede baie nodig.

45 Nou, ek wil graag vanaand lees uit Mattheüs die 12de Hoofstuk, die 42ste vers, vir 'n klein konteks, as die Here dit sal gee. Vinnig praat en die gebedsry hou, en want net een Woord van God sal meer beteken as wat enige prediker hier op die platvorm kon staan en preek vir jare.

46 En ek wil sê: Hierdie sakdoeke, ek bid oor hulle, maar ek wil eers hê, nadat die boodskap verby is, totdat ek seker is dat die Engel van die Here naby is voor, en salwing, voor ek bid vir julle sakdoeke, ek wil seker wees daarvan. As dit my moeder was wat siek was, of my baba wat siek was, sou ek die heel beste wou hê wat God het, om daarvoor gedoen te word. En jy wil aan ander doen wat jy wil hê ander aan jou moet doen.

47 En as julle nie 'n sakdoek hier het nie, skryf net vir my in Jeffersonville, ek sal dit vir julle kosteloos stuur, geen koste vir

enigiets nie.

48 Hierdie is die voorlesing van die Skrif as julle soontoe geblaaï het:

En die koningin van die suide sal opstaan . . . in die oordeel saam met hierdie geslag, en sal dit veroordeel: want sy het van die uiteindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.

49 Nou, mag die Here Sy seën voeg by die lees van Sy Woord.

50 Jesus het pas die stede bestraf waarin Hy was, en Sy magtige wonderwerke gedoen het, en die volk het nie bekeer nie. Glo julle dat die geskiedenis homself herhaal? Dit doen dit beslis. Die geskiedenis bewys dit.

51 En wat dink julle sou Hy vanaand gedink het, soos Hy nou afkyk op Greenville, soos Hy kyk op New York, Chicago, en baie van die groot stede deur die wêreld waar Sy magtige werke gewys is, en die mense die heelyd aangaan in sonde en ongeloof? En Hy het hulle bestraf en vir hulle gesê wat hulle vernietiging sou wees.

52 En party van julle ware slim historici nou, kyk terug in die geskiedenis, en kyk na vandag in Palestina, en elke stad wat Hy vervloek het, is gesink. En elkeen wat Hy geseën het, staan nog steeds, net soos Hy in hierdie Skrif gesê het, hierdie selfde hoofstuk: en die vorige hoofstuk waaruit ek pas gelees het. Hy het gesê: “Jy, Kapérnáüm, wat tot die Hemel toe verhoog is, maar jy sal tot die hel toe neergestoot word: want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.”

53 As die kragtige dade gedoen is! En julle sien, die dade van God is gemanifesteer, maar die mense het dit geweier, en het Hom Beëlsebub genoem. Want ons het gisteraand die dade gelees wat Hy gedoen het en hoe Hy hulle gedoen het. En in die, net ’n paar verse voor waar ek net ’n rukkie gelede gelees het, vind ons uit dat die Fariseërs Hom Beëlsebub genoem het. Nou, hulle het dit nooit hardop gesê nie, die duiwel is te slim daarvoor, hulle het dit nooit hardop gesê nie, maar hulle het dit in hulle harte gedink, en Jesus het hulle gedagtes onderskei. Is dit wat die Skrif sê? Hulle het nooit gesê: “Hierdie kêrel is Beëlsebub” nie, maar in hulle hart het hulle dit gesê, en Jesus het dit gesnap. Dis waarom hulle Hom as ’n fortuinverteller of ’n bose gees gemerk het, Hy het hulle gedagtes onderskei.

54 Nou, ons weet dat daar so-iets soos gedagtelees is, wat hulle dit noem, of fortuinvertellery. Wat is fortuinvertellery? Fortuinvertellery is van die duiwel, en dis niks anders as ’n verdraaide gawe nie. Net soos alle ongeregtigheid verdraaide geregtigheid is. Het julle ooit gehoor van ’n fortuinverteller wat die Evangelie preek, siele gered kry? Het julle ooit gehoor van

'n fortuinverteller wat genesingsdienste hou, en groot, magtige werke vir God doen, siele tot bekering bring? "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

⁵⁵ Jesus het gepreek van Sy Vader se Koninkryk en van bekeerlinge na Hom en na die Vader toe roep. En hulle het gesê, omdat Hy hulle gedagtes kon onderskei, met die regte gawe van God, Hom 'n verdraaide gawe gemaak, en Hy het gesê om die Gees van God 'n onrein werk te noem, sou onvergeeflik wees wanneer die Heilige Gees kom om dit te doen.

⁵⁶ So, Hy was baie duidelik in wat Hy gesê het. So wees versigtig, vriende, wat jy van enigiets sê wat God doen, want dis 'n gevaarlike ding om in die hande van die lewende God te val. As julle dit nie verstaan nie, bly net stil, sê niks, sê: "Here, maak my nederig sodat ek sal verstaan." Kom met daardie soort gesindheid, moenie net weggevoer word met die skare en jou eie opinie uitspreek nie, ondersoek dit deur die Skrifte, hou dop hoe dit werk, die aard daarvan, en kyk of dit van God is of nie. As dit van God is, bly daarby; as dit nie van God is nie, kom weg daarvan af. As dit nie Skriftuurlik is nie, dan is dit nie van God nie.

⁵⁷ So Hy het daarna verwys. En ons weet dat enige tydperk, en regdeur elke tydperk, God altyd Sy getuie op die aarde gehad het, Hy was nog nooit sonder 'n getuie nie, en Hy sal nooit sonder 'n getuie wees nie. En wanneer God 'n gawe na die aarde toe stuur, en die mense verwerp dit, gaan daardie geslag in 'n chaos van duisternis, en donkerte, en verwerping van God in, want God oordeel daardie geslag op die manier waarop hulle Sy gawes oordeel.

⁵⁸ Nou, Jesus was God se grootste Gawe. En Hy het hulle probeer vertel dat hulle Sy Boodskap verwerp het. Hulle het verwerp, Sodom het die Boodskap van die Engele verwerp, en in Noag se tydperk, het daardie tydperk Noag se Boodskap verwerp. En toe het Hy begin terugverwys na sommige wat Dit aanvaar het, en Hy het illustrasies daarin gegee. En Hy het toe gesê dat enige geslag wat God se gawes ontvang het, of God se Boodskap, daardie geslag altyd vooruitgegaan en 'n groot geslag geword het. Dis die gesindheid wat jy het teenoor enige Goddelike gawe van God wat die resultate bring wat jy daaruit sal kry.

⁵⁹ Wat as Martha, toe sy uitgegaan het om Jesus te sien by die dood van haar broer, Lasarus...? Nou, lyk of sy 'n reg gehad het om Hom te bestraf en te sê: "Waarom het U nie gekom toe ons U geroep het nie? My broer was siek, en hy het U nodig gehad. En ons het die kerk verlaat, ons het ons rug op ons ou vriende gedraai, om, omdat ons in U geglo het, en ons het U gevolg, en ons is geëkskommunikeer uit die verenigings, omdat ons vertrouwe gehad het, en net toe ons U die nodigste gehad het, het U ons

geweier.” Dit sou skynbaar niks minder as geregverdig gewees het nie.

⁶⁰ Maar elke persoon wat na God toe kom, moet eers getoets word, en jou geloof moet getoets word. So as sy sou gekom het met daardie soort gesindheid, sou die wonderwerk nooit gedoen gewees het nie. Maar sonder twyfel, het sy geles van die Sunamitiese vrou, hoe sy vir Elía genader het, so sy het vir Jesus op dieselfde manier benader, as God in Sy profeet was, was Hy sekerlik in Sy Seun.

⁶¹ En sy het gesê: “Here,” Sy regte titel: “as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.” Dit het beslis guns gevind by God, sy het Hom herken, maak nie saak wat Hy gedoen het nie, of Hy gekom het óf of Hy nie gekom het nie, dit het niks daarmee te doen gehad nie. Sy het gesê: “Here,” Hom Sy titel gegee: “as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie; maar selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee.” Daar het julle dit.

⁶² Jy mag elke dokter se spreekkamer besoek het wat daar in Greenville is, jy mag deur elke kliniek gegaan het, en elke dokter sê dat daardie kanker jou sal doodmaak, maar as jy die regte gesindheid teenoor God se Gawe sal hê, die Heilige Gees hier vanaand, en sê: “Selfs nou, Here, die dokter het my opgegee, alles is daarmee heen, maar selfs nou, Here, wat sit aan die regterhand van God, wat U ook al die Vader vra, dit sal Hy vir U gee,” gaan iets plaasvind.

⁶³ Kyk na Jesus wat Hy gedoen het, Hy het gesê: “Jou broer sal weer opstaan.”

Sy het gesê: “Ja, Here, hy was ’n goeie seun, hy sal opstaan in die laaste dag.”

⁶⁴ Hy het gesê: “Maar Ek is die Opstanding en die Lewe: hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe: en wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?”

⁶⁵ Sy het gesê: “Ja, Here, ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld sou inkom. Of U kom as ek roep, ja of nee, dit het niks daarmee te doen nie, ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld sou inkom.” Dit het dit afgehandel, dit was haar benadering. Dis jou benadering, dis jou benadering tot Christus wat die verskil maak.

⁶⁶ En Jesus het gesê, verwys na die dae van Jona, en Hy het gesê: “Die mense van Ninevé sal opstaan in die geslag, omdat hulle bekeer het op die prediking van hierdie profeet Jona.”

⁶⁷ Nou, baiekeer noem ons Jona, en verwys graag na hom as ’n afvallige profeet wat nie sy ABC’s geken het, kwalik nie, deur Christus te leer ken, en gooi hom eenkant toe. Maar laat ek vir julle iets vertel, julle is verkeerd, Jona was ’n regte, egte dienskneg van God, wat elke beweging van die Heilige Gees gevolg het. Wel, toe hy daar begin gaan het na Ninevé, God

het hom na Ninevé toe gestuur, maar hy het, skynbaar, die gemaklikste roete gekies, hy het na Tarsis toe gegaan. Dit was nie toevallig nie, dit was God se manier om iets te doen.

⁶⁸ As 'n goeie man wat die Here dien... En die Skrifte kan nie gebreek word nie. “Die voetstappe van die regverdige word bepaal deur die Here, en niks kan hom omdraai nie. En alles werk ten goede mee vir hulle wat Hom liefhet.” Daardie skip is daarnatoe gestuur deur God, net soos die vis voorberei was daarvoor. Jona buite in die oseaan, hy was eerlik en regverdig dat hy nie gegaan het na waar God vir hom gesê het nie, maar dit was alles in God se werk. Kyk hoe Hy dit gedoen het.

⁶⁹ Hy het die, sy hande agter hom vasgebind en hom uitgegooi in die oseaan. 'n Vis jag deur die water totdat dit sy aas vind, sy prooi, vreet en gaan onder na die bodem, en rus sy vinne op die bodem van die water. Julle visserman weet dit; julle vroue weet dit van julle goudvisse. En hierdie walvis wat deur die water gekom het, het 'n yslike groot mondvul gekry en hierdie prediker in sy maag ingesluk, afgegaan na die bodem van die see, en sy vinne laat rus.

⁷⁰ En ek het dikwels gedink, jy neem mense, miskien het hulle—hulle 'n gewas, of hulle is doof in een oor, of kreupel, of iets, hulle dink hulle geval is onmoontlik, en hulle hou aan kyk, daar sal vir hulle gebed word een aand, Oral Roberts sal deurkom, daar sal vir hulle gebed word, sê: “Wel, my hand het nooit enigsins beter geword nie.” Broer Allen sal verbykom: “My hand is niks beter nie.” Julle kyk na die verkeerde plek. Soos die ou, suidelike uitdrukking, wanneer ons altyd wasbere gejaag het: “Blaf voor die verkeerde boom.”

⁷¹ Let op, Jona het nooit na daardie dinge gekyk nie. Mense kyk na hulle simptome, maar jy moet nooit na simptome kyk nie, jy moet na die belofte kyk. Nou, Jona was in die maag van die walvis, die braaksel kniediep hoog, seewier reg rondom sy nek, as... oral waar hy gekyk het, het hy die walvis se maag gesien, en hy was op die bodem van die see, op 'n stormagtige see in die maag van 'n walvis, hande en voete agter hom vasgebind, en oral waar hy gekyk het, was die walvis se maag.

⁷² Daar's nie 'n persoon hierbinne vanaand in daardie soort toestand, of halfpad soos daardie nie. En weet julle wat het Jona daarvan gesê? Hy het gesê: “Hulle is valse nietighede. Ek sal nie eens daarna kyk nie, maar nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel, O Here.” En toe hy het, het hy geglo.

⁷³ Toe Salomo daardie tempel toegewy en gesê het: “Here,” in sy gebed, “as U volk enige plek in die moeilikheid is, en sal kyk na hierdie heilige plek en bid, hoor dan uit die Hemel.” En daardie prediker het geglo dat God Salomo se gebed sou beantwoord.

⁷⁴ En as Jona, onder daardie toestande, kon kyk na 'n tempel wat opgerig is deur die mens, en 'n gebed wat gedoen is deur 'n

man wat later afvallig geraak het, hoeveel te meer behoort ons onder hierdie huidige toestande, weg te kyk van ons simptome na die Troon van God waar Jesus sit aan die regterhand van God op 'n troon, deur 'n tempel wat deur God gemaak is met Sy Eie Bloed om enigiets te gee wat ons bely, om vir ons te bid, voorspraak te maak volgens ons belydenis, aan die regterhand van die Vader?

⁷⁵ Hou hierdie walvis dop, God het iets aan die walvis gedoen, Hy het Jona drie dae en nagte gedra, verder aan na Ninevé. Nou, daar word vir my vertel dat die Nineviëte-mense heidene was, en hulle het die god van die see en verskillende gode aanbid, en die god van die see was 'n walvis, want hy was die sterkste skepsel in die see. En al die mans het meestal visgevang vir 'n lewe.

⁷⁶ En toe die vissermanne daarbuite was met hulle nette, en hier kom 'n walvis wat reguit op pad is na die kus toe, en sy mond oopmaak, sy tong uitlek en die profeet uit die god se mond uitloop, geen wonder hulle het bekeer nie. 'n Prediker het reg uit die walvis se maag uitgeloopt, reg uit die mond uit, om die Evangelie te verkondig; as hulle god die profeet afgelewer het, sou hulle sekerlik hoor. "God werk op geheimsinnige maniere, om Sy wonders te doen."

⁷⁷ Was nie toevallig nie, God het dit alles uitgewerk gehad, Hy het geweet net wat sou gebeur. En daardie mense hulle god na die wal toe sien gaan en die profeet uitspoeg op die wal, sou hulle beslis na hom luister, want hy het reguit van god af gekom, hulle god, wat hulle gedink het was, die walvis, die god van die see.

⁷⁸ En kyk hoe God beweeg, en hoe daardie groot stad wat nie *gie* van *ha* kon onderskei of regterhand van die linkerhand nie, en hulle het bekeer op die prediking van Jona, en Jesus het gesê: "Meer as Jona is hier." 'n Onkundige en ongeleerde volk het bely op die prediking van Jona, en Hy het gesê: "Meer as Jona is hier." Maar Hy het gesê: "Soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, so sal die Seun van die Mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees." Onthou, hulle het Hom pas gevra, na al die tekens wat Hy gedoen het, het Hy geprofeteer.

⁷⁹ Hier's nog 'n goeie gedagte daar, let op wat Hy gedoen het, Hy het gesê: "'n Bose," of: "bose en owerspelige geslag sal soek na tekens; en daar sal net een teken vir hulle gegee word, en dit sal die teken wees soos Jona in die maag van die walvis was." Daarom is die bese, of, bo- . . . en owerspelige geslag hierdie geslag waarin ons nou lewe, die owerspelige geslag, die geskiedenis het homself herhaal, en Dit het gesê dit sou die teken van die opstanding gegee word. En broer en suster, ons lewe vandag om die direkte Getuienis van die herrese Jesus Christus te sien, wat dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, Hy geprofeteer het.

⁸⁰ Toe het Hy hulle verwys na Salomo se tydperk. Salomo is 'n groot gawe gegee, en die goeie ding omtrent Salomo se tydperk, al

die mense het daardie gawe ondersteun. En dit was die—dit was die millennium vir die Joodse tydperk, dit is die goue tydperk van Israel genoem. Wel, die nuus daarvan het oral versprei. En al die mense was eenstemmig. Almal het daardie gawe geglo wat in Salomo was. Wel, hy het 'n gawe van onderskeiding gehad, daar was nooit so 'n gawe van onderskeiding as wat Salomo gehad het, tot daardie dag nie, en die hele Israel het dit ondersteun; dit was die grootste tydperk wat hulle ooit geken het.

⁸¹ En vriende, sou dit nie lekker wees vanaand, as die hele Kerk van die lewende God die Gawe van die Heilige Gees sou ondersteun soos hulle dit behoort te doen nie? Ons kon net al die atoommissiele skrap, en al die res, dit sou die grootste verdediging wees wat die wêreld ooit gehad het, as almal, alle kerke, net die groot Heilige Gees sou ondersteun, opreg wees, nie julle denominasies oplet nie, maar net opreg wees en die Heilige Gees ondersteun. Wat God sou doen!

⁸² Al die nasies, oral, sou herken dat hierdie, iets gebeur het hier oorkant as hulle die gawe van God sou ondersteun wat vir hulle gestuur is in hierdie laaste dag.

⁸³ Nou let op, en die nuus het uitgegaan na ander nasies; daar was geen oorlog in die tyd van Salomo nie, almal was bang. En die beste verdediging wat ons het, is Amerika wat die kroeg sluit, hulle vroue aantrek, terugkom kerk toe, en terug na die Bybel, dit sal al hierdie misdadigheid hier opbreek, jeugmisdaad, en al daardie goed, en God terugbring na die volk in 'n outydse herlewing as ons dit net sou doen. Maar julle probeer iets anders uitdink, die mens probeer altyd sy eie pad uitwerk; God gaan Sy wil laat geskied, ongeag wat die mens doen.

⁸⁴ Maar die hele Israel het ondersteun, en die nuus het ver en naby versprei, uiteindelik, het dit ver afgegaan na Skeba, die koningin van die Suide, na die uiteindes van die bekende wêreld van daardie dag. En geen wonder daardie koninginnetjie... Almal wat deurgegaan het, sou sê: "Sê, jy behoort bo in Israel te wees, hulle God het daarbo vir hulle 'n gawe gegee in 'n man met die naam van Salomo, en daar's niks wat ooit soos dit was nie, daardie man het die krag van onderskeiding wat nie in die mens lê nie, dit moet van hulle God af kom."

⁸⁵ Julle weet: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." En haar klein, honger hartjie het begin uitroep na God.

⁸⁶ Nou, as ons net sou getuig van die goedheid van God, as ons net sou sê wat Hy doen, en nie skaam wees daarvoor nie: "As Ek van die aarde verhoog word," het Jesus gesê: "sal Ek almal na My toe trek," dan as ons net sal vertel van die goedheid van God wat Hy vir ons doen in hierdie dienste, en dit skep 'n dors.

⁸⁷ En die Koninginnetjie, het uiteindelik besluit, nadat soveel mense haar vertel het dat hierdie groot gawe bo in Israel was, het sy besluit sy sou self gaan uitvind. Dis 'n goeie ding om te doen.

⁸⁸ Wel onthou nou, sy het baie gehad om haar te konfronteer as sy gegaan het: Die eerste plek, was sy 'n vrou, en 'n vrou alleen het 'n harde stryd. En die volgende ding, was sy 'n heiden, sy was 'n heiden, sy sou moes vind, toestemming kry van haar kerk om te gaan.

⁸⁹ So, ek kan my voorstel om die koninginnetjie te sien nadat haar hartjie begin klop het: "O, is daar iets eg?" So sy gaan na haar biskop toe, en sy vra hom uit, en sy het gesê: "Biskop, het jy al ooit oorkant in Israel gehoor dat hulle 'n God daar oorkant het wat 'n man 'n groot gawe gegee het, en die hele wêreld ry in om dit te sien?"

⁹⁰ Nou, ek kan hom hoor sê: "Nou luister hier, hulle het 'n herlewing aan die gang daarbo, maar ons werk nie saam daarmee nie. So, jy... Ons—ons—ons—ons denominasie ondersteun dit nie."

⁹¹ "Wel," het sy gesê: "Luister, Biskop, ek—ek sal gaan vra vir die aartsbiskop of die staatspresbiter, of iemand." So sy het hulle almal bymekaar gekry, sy was koningin, en hulle het gesê: "Nou, wag 'n bietjie Koningin, sekerlik, het jy nie aan die diep kant afgegaan nie! Jy's 'n te slim vrou om sulke goed te dink."

"Hoe lank was dit vandat ons 'n groot herlewing in ons land gehad het?" sou sy vir hulle sê.

⁹² Hulle sou sê: "O, maar wag nou 'n bietjie, al daardie fanatisme van al daardie gawes en dinge, dis net mense wat nie van beter weet nie. Jy sien, ons is geleerde mense hieronder, ons is slim, en ons is intelligent, en ons glo nie in 'n klomp fanatisme soos wat hulle daarbo het nie, en dis net fanatisme, so jy moet wegbly daarvan."

⁹³ Maar ek kan haar hoor sê: "Ek's veertig jaar oud, en ek het my mamma hoor praat, ek het my pa hoor praat, en julle hou aan praat van 'n god, maar al wat ek gesien het, is 'n klomp dooie geloofsbelydenisse. As daar 'n God is wat nog steeds lewe, wil ek weet waar Hy is." God seën daardie vrou! "As daar 'n godsdiens is wat 'n lewende God voortbring wat teenwoordige tyd is, en nie een of ander historiese ding nie, wil ek uitvind."

⁹⁴ "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word."

⁹⁵ Nou, ek kan haar hoor sê: "Luister, Pastoor, julle almal hou aan praat van 'n god, maar julle—julle bly hom ver terug in een of ander groot tydperk sit, maar hulle sê vir my dat hulle God lewendig is, en Hy Homself voorstel deur Sy diensknege deur 'n magtige gawe. En iets onder in my wat honger om self uit te vind, ek gaan, in elk geval."

96 “Waar die karkas is, sal die arende vergader.” Ek praat nou van arende, nie aasvoëls nie. Ek praat van arende wat hou van Arendkos uit die Woord van God, nie uit een of ander geloofsbelydenisboek of almanak nie, maar uit die Woord van God, wat leer dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en Hy nooit faal nie, Hy bly net dieselfde lewende God.

97 O, haar hart was honger, en sy wou weet van iets wat ’n bietjie lewe daarin gehad het, iets wat eg was. Sy het allerhande geskiedenis en allerhande teologie gehoor, maar sy het gehoor dat daar ’n lewende God was, en sy wou Dit vind.

98 O, ek kan die biskop sien opswel soos ’n padda, en sê: “Nou, kyk hier, Koningin, jy mag koningin wees, maar ons, ons is die geestelike manne. En weet jy ek het die mag om jou naam van die boek af te haal?”

99 Gesê: “Vee dit dan net uit, want ek is op my pad.” O, ek hou daarvan! “Of jy saamwerk of nie, ek gaan self uitvind. As jy sê dis fanatisme, ek’s slim genoeg om dit te weet, ek sal hulle Skrifte ondersoek voordat ek daar kom en uitvind of dit reg is of nie.”

100 Daar het julle dit! As die mense van die Verenigde State net so opreg sou wees om uit te vind of God belowe het Hy sal die Heilige Gees uitstort in die laaste dae op Sy mense, op Sy Kerk, en dat tekens en wonders en wonderwerke, en Hy ’n volk uit die Heidene sou roep vir Sy Naam! Maar hulle neem ’n ou, dooie geloofsbelydenis in plek daarvan, dis reg, een of ander historiese ding. Dan geskiedenis . . . As Hy nie dieselfde God vandag is nie, dan is Hy nie God nie, Hy het gesterf. Maar dank God, Hy is nog altyd dieselfde God.

101 So sy sou gaan uitvind. Nou, sy het baie gehad om haar te konfronteer, om gereed te maak om te gaan. En toe sy het, het sy haar besluit gemaak, sy het gesê: “Nou, ek’s geëkskommunikeer, in elk geval, hieruit, so dan as ek gaan, ek het dit sover ondersteun, ek gaan ’n bietjie goud saam met my neem, en as dit die waarheid is, gaan ek dit ondersteun; as dit nie die waarheid is nie, gaan ek dit uitlos.”

102 As mense net op daardie vlak gedink het vandag, in plaas van om al hulle geld op een of ander soort dooie ritueel of geloofsbelydenis te sit wat miljoen-dollar kerke bou in plaas van om sendelinge te ondersteun en die Evangelie by die mense te kry, ’n lewende God, ’n herrese Christus, sou julle beterdenkende mense wees, vriende.

103 Moenie jou geld op iets sit wat niks anders as ’n klomp fanatisme is nie, moenie iets ondersteun wat dood en stink nie, ondersteun Christus, die lewende God, plaas jou, nie net jou geld nie, maar jou tyd, jou gebede, jou pogings, jou talente, alles wat jy het, gee dit vir Hom.

104 Sy het gesê: “Ek sal hierdie kamele laai met mirre en wierook, ek sal hierdie kamele laai met goud en silwer, en as dit die waarheid is, dat daardie lewende God ’n lewende getuie het, dan sal ek dit ondersteun, maar as dit nie is nie, sal ek my goud terugbring.” Dis ’n goeie ding om te doen, dis goeie denke.

105 Nou onthou, nog iets, sy moes ’n woestyn oorsteek, en dit sou haar presies drie maande neem om dit oor te steek, drie maande oor ’n brandende woestyn, maar sy het gegaan, want daar was iets in haar, wat haar beweeg het, haar gedwing het. Geen wonder Jesus het gesê nie: “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie.”

106 En sy het drie maande gehad om te neem, negentig dae, oor ’n brandende woestyn, nie in ’n lugversorgde koets nie, maar op die rug van ’n kameel. En mense in die Verenigde State sal nie oor die straat loop om uit te vind of dit reg is of nie. Indien enigiets, sal die man wat veronderstel is om geestelik te wees, ’n bietjie balsemvloeistof in hulle lidmate in hulle lykshuis inpomp, en hulle sê om nie te gaan nie.

107 Ek weet julle dink ek’s rof, maar ek’s nie rof genoeg nie. Dis reg. Die uur is naby, vriende. Laat ons dit óf reg óf verkeerd maak. As dit reg is, laat ons daarby sterf; as dit verkeerd is, wegkom daarvan. Ek wil vind waar die regte Ding is, as *Hierdie* nie *Dit* is nie, wil ek *Hierdie* hou tot *Dit* dan kom. As God nie God is nie, Wie is dan God? Wys vir my iets beter.

108 Ek het gestaan met die Bybel in een hand, en die Koran in die ander hand, en vyftigduisend of meer Mohammedane uitgedaag: “Een moet verkeerd wees. As Mohammed God is, laat Mohammed vorentoe kom en voortbring deur sy profete, wat hy belowe het; as Christus God is, laat Hom dan voortbring wat Hy belowe het. Iemand is verkeerd, iemand is reg.” O, hulle het stilgesit.

109 Ek sê vanaand: Daar is net een ware godsdiens, dis Christengodsdiens. En Jesus Christus is die Outeur van Christengodsdiens, en Hy is nie dood soos Mohammed in die graf nie, maar Hy het weer opgestaan, en is net hier vanaand in dieselfde krag van Sy opstanding waarin Hy altyd was, en doen, tree op, werk, beweeg, alles, elke beginsel van Hom is net presies soos dit was toe Hy hier op aarde was. As dit nie so was nie, sou ek daardie Boek neersit, en een gaan kry wat waarheid daarin gehad het. Dis reg. Maar *hierdie*, jy hoef nie enigsins verder te kyk nie, die Bybel is die waarheid van God.

110 Ja, sy moes oorgaan op ’n—’n kameel, drie maande oor ’n woestyn. Nou, onthou, sy het tienduiseende dollars se goud en silwer gedra. En onthou, Ismael se kinders was in die woestyne in daardie dae, rowers. So, daar... Hoe maklik sou dit gewees het vir ’n groot groep van daardie Arabiere om op daardie klein karavaantjie mense, ’n paar kamele en ’n paar soldate,

hofdienaars af te storm, vier of vyf vroue wat by haar sit, bo-op hierdie ou kameel, wat deur 'n son beweeg wat die vel van jou af sou afhaal!

¹¹¹ Maar daar was iets in haar hart, wat haar geroep het, daar was 'n lewende God in aksie iewers, en sy wou vind waar Dit was. Dawid het gesê: “Wanneer die diepte roep na die diepte by die gedruis van U waterstrome. . .” As daar enige deel van God in 'n man is, en die bonatuurlike God begin beweeg, beweeg iets saam met hom, dit sal hom soontoe neem, kan dit net nie help nie.

¹¹² Dawid het gesê: “Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na U, O God.” Die hert moet die waterstroom kry of doodgaan. En as 'n man God in sy hart het, en hy weet dat daar 'n oop fontein iewers is, moet dit kry of doodgaan. Hy sal enige geloofsbelydenisse ontken, vorms van enigiets anders, om 'n sluk van 'n ware, lewende God te kry. Dis wat regte dinge laat begin beweeg.

¹¹³ Man het eenkeer 'n hen laat broei, hy het nie genoeg eiers vir 'n broeisel gehad nie, so hy het 'n eendeier onder die hen gesit. Hierdie is nie 'n grap nie, dis om 'n punt te maak, hierdie is geen plek vir grappe nie. En toe daardie ou eendjie uitgebroei het, was dit die snaakste ding waarna daardie hoenders ooit gekyk het. Dis omtrent soos 'n ware gelowige en 'n nes vol van hierdie hoenders wat ons hierrond het. Almal van hulle het op hom gepik: “Wel, hy moet 'n holy-roller wees. Daardie groot, lang snawel, waarvoor is dit? Waarom waggel hy wanneer hy loop?” ensovoorts. Hy was 'n—'n koddige skepsel.

¹¹⁴ Geen tyd, geen tyd deur enige tydperk het enige man of vrou opgestaan in Metodis, Baptis, Presbiteriaan, of enigiets anders, wat regtig lief was vir God en aan die brand vir God, sonder dat hy nie die lelike eendjie onder 'n klomp hoenders genoem is nie.

¹¹⁵ En nog iets, daardie eendjie buite op die plaaswerf kon nie uithou om op daardie mishope te krap soos daardie hoenders het nie; eende het eendkos, julle weet, hoender het hoenderkos. Jy kan al die ou dooie, teologie leer wat jy wil, maar, broer, daar's iets binne-in jou wat pols vir die ware, lewende God, daar's niks wat jou sal bevredig totdat dit gevul is nie.

¹¹⁶ Die ou hen sy. . . Die selfs die gekloek van die hen het die eendjie mislei, hy sou gaan: “*Kwaak, kwaak.*” Sy sou gaan: “*Kloek, kloek.*” Wel, hy het nie daardie taal geken nie. 'n Gelowige ken nie die taal nie: “Kom in, my liewe vriende, hierdie is een van die grootste kerke, ons staan tienduisend lidmate, en as jy net jou naam op *hierdie* boek sal sit, het jy 'n kaartjie in die Hemel.” Huh! 'n Eend weet van beter. Uh-huh. Dis reg. 'n Eend weet jy moet wedergebore word, weet daar moet iets egs wees.

¹¹⁷ Hierdie ou eendjie kon dit nie verstaan nie. En hulle sou 'n klein sop-aandete hê, julle weet, en sê: “Al julle mense kom af,

daar gaan 'n groot geestelike diens wees vanaand." Hulle gaan soontoe en kook 'n ou haan op en verkoop hom vir vyftig sent 'n bord om die prediker te betaal. 'n Regte eend verstaan dit nie, beslis, nie. Dis nog steeds krap op die mishoop, soos die hoenders, maar die eend kan dit nie so eet nie.

¹¹⁸ En voor jy jou kom kry, het die ou hen eendag weggedwaal, sprinkane agter die skuur gevang. O, daardie land was warm! En hy het daar uitgegaan, en hulle—hulle het dit begin warm maak vir die eend deur hom uit te neem in die veld. Hulle maak dit warm vir jou: "Nou, jy sal wegbly van daardie holy-roller dienste af, of ek sal jou naam reguit van *hierdie* boek afhaal. As jy daarmee saamwerk, ons kerk het niks daarmee te doen nie." Dit gaan nie 'n eend stop nie.

¹¹⁹ Voor jy jou kom kry, het hierdie kêreltjie daar uitgekom op die heuwel, en reg onder die heuwel was daar 'n—'n stroom lopende water. En hy het iets daaronder hoor gaan: "*Kwaak, kwaak.*" Gesê: "Dit klink baie goed." En hy het sy trompettertjie opgelig in die lug, en hy het water geruik. Broer, dit is in hom ingebore om van water te hou.

¹²⁰ Die ou hen het gesê: "*Kloek, kloek, kloek, kloek!* Kom terug hiernatoe."

¹²¹ Hy het sy snaweltjie opgesteek, gesê: "*Honk, honk, honk!*" Net reguit na die water toe het hy gegaan, net so vinnig as wat hy kon gaan. Hoekom? Hy was 'n eend van nature. En 'n man is 'n Christen van nature, is gebore in die Gees van God, hy honger na die bonatuurlike en die krag van die lewende God.

¹²² En hierdie eend het daar afgespring, in die water ingegaan, en sy snaweltjie daarin laat sak, het 'n groot mondvul water gekry en dit opgegorrel soos daardie, sy vere 'n paar keer geskud, en aangesluit by die res van die eende. Dis hoe dit is met elke gelowige, broer, wanneer hy 'n mondvul en 'n hartvol kry van die doop van die Heilige Gees, is daar iets wat hom homself laat aansluit by diegene van dieselfde gemeenskap, hy het ware gemeenskap, hy verstaan hulle taal.

¹²³ Dis wat dit was met hierdie koninginnetjie, sy het nie omgee waaroor al daardie hoenders geskree het nie, sy was 'n eend, sy was op haar pad om uit te vind of daar 'n ware God was of nie. Sy het nie omgee of Ismael se kinders . . . As God die leiding neem, sal God toesien dat jy daar kom. "Nou," sê sy: "ek gaan nie in om in 'n klomp fanatisme in te spring nie, ek gaan hulle Boeke lees en uitvind of dit reg is of nie."

¹²⁴ So sy het by die poorte aangekom na negentig dae van vermoeiende reis. Mense, as dit 'n bietjie koud word, bietjie warm, sal hulle nie uitkom en in hierdie gebou sit soos hierdie en waai soos julle almal nie, beslis nie, hulle is nie geïnteresseerd nie. Maar julle wat geïnteresseerd is, word nie te warm, of dit word nie te koud nie, gaan nie te ver nie, julle kom, in elk geval.

Hoekom? Daar is iets binne-in julle wat uitroep. Wat is dit? Wanneer die diepte uitroep na die diepte, wanneer die Gees van God binne-in jou is, en daar word iets gesê: “Daar’s ’n groot krag van God wat beweeg,” neem jy dit so vinnig as wat jy kan, gaan sit, hou die Skrifte dop, beoordeel dit en kyk of dit reg is of nie. Dis wat sy gedoen het.

¹²⁵ Sy het by die poort aangekom. Nou, sy het nie net gekom om een dag te bly, en dan, soos party mense maak: “O, ek sal soontoe gaan en uitvind wat dit is, ek behoort dit eintlik nie te doen nie, maar ek sal gaan.” Gaan sit: “As daardie prediker een ding sê wat teen my leer is, sal ek reguit opstaan en uitstap.” Dit wys twee verskillende dinge: swak opvoeding, en duiwelbesetenheid. Dis reg. Sy was nie so nie, sy het gekom om te bly tot dit verby was, sy wou bly tot sy ten volle oortuig was, sy het nie gesprong na die eerste gevolgtrekking nie, sy het gaan sit en dit bestudeer. Sy het haar kamp opgeslaan buite in die howe.

¹²⁶ Nou, die volgende oggend, sou die diens begin. En hierdie koninginnetjie het haarself gereedgemaak, ver agter by die deur ingegaan, want die—die kerk was heeltemal vol. Pastoor Salomo het uitgekom, hy het sy sitplek ingeneem. En hulle het begin om die mense op te let wat na hom toe kom. En die eerste een wat gekom het, so ’n krag van onderskeiding op daardie man, daardie koninginnetjie sou haar kop krap, en het gesê: “Wag ’n bietjie! Ek het nog nooit in my lewe ’n man gesien wat dit kon doen nie, dit moet van iewers af kom.”

¹²⁷ Die volgende geval het opgekom, en sy het opgelet elke geval was perfek, presies, die regte elke keer. So uiteindelik het dit haar tyd geword om te kom; wag jy net lank genoeg, dit sal jou tyd wees. So dit het reguit opgekom in die ry waar Salomo was, en die Bybel het gesê dat hy al haar geheime aan haar bekend gemaak het. En toe sy dit gesien het, wat het sy gedoen? Toe sy oortuig was, het sy uitgegaan en al die geld van die kamele af gekry, en uit die howe, ensovoorts, en hulle neergesit om dit te ondersteun, en sy het gesê: “Alles wat ek gehoor het, was die waarheid; en meer as wat ek gehoor het, is die waarheid.”

¹²⁸ Wat het Jesus van haar gesê? “Sy sal opstaan in die Oordeelsdag saam met hierdie geslag en dit veroordeel: want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om die wysheid van Salomo te hoor, die gawe van wysheid wat God hom gegee het; en, kyk, meer as Salomo is hier.”

¹²⁹ En as daardie vrou daardie geslag sou veroordeel, toe Jesus vir die eerste keer op die toneel verskyn het, wat sal dit wees vir hierdie geslag, wat tweeduisend jaar van voorbeeld en onderrigting gehad het, en dan hier in die laaste dae daardie selfde Jesus sien wat opgestaan het uit die dood en in die krag van Sy opstanding, Homself manifesteer aan hierdie Kerk in hierdie dag? Wat sal sy doen met hierdie mense wat terugstaan

op hulle teologie? Terugstaan: “O, my kerk onderrig dit nie, ons werk nie saam nie, ek glo dis fanatisme.” Julle is dit aan julleself verskuldig om te gaan sit en die Skrifte te ondersoek, en om die Gees te toets of dit van God is of nie, doen julle dit.

¹³⁰ En, vriende, ek sê vir julle, dat meer as Salomo is hier vanaand, die Heilige Gees is hier. Toe Jesus hier was, wat ver bokant hom was, toe Hy hier was in Sy eerste vorm as ’n liggaam van vlees, het hulle Hom ’n duiwel genoem, die Gees wat in Hom gewerk het, die Gees van God wat die gedagtes onderskei het, ’n miljoen maal meer as wat daar in Salomo was.

¹³¹ En ek wil hê julle moet oplet, kyk na die dinge wat Jesus gedoen het en vergelyk dit met een enkele diens. Daar word meer gedoen in daardie opsig in een aand se diens, as wat daar in die hele lewe van die Here Jesus is. Hoekom? Want: “’n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, in julle tot aan die einde van die wêreld. En die werke wat Ek doen, sal julle ook; en meer as hierdie sal julle doen; want Ek gaan na My Vader.” Ek weet Koning James sê *groter*, daar kan nie groter wees nie, die regte vertaling is *meer*, want God is universeel, nou in Sy hele Kerk, om die wêreld; Hy was toe net in een Man, Sy Seun.

¹³² En hier is Hy vanaand in die krag van Sy opstanding, wat in ’n groepie mense soos hierdie beweeg, wat optree, en werk, en presies dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. En as die koningin van Skeba, wanneer haar, sy in die Oordeel staan en daardie geslag veroordeel, wat sal sy aan hierdie geslag doen? Dink daaraan terwyl ons bid, kom ons buig ons hoofde.

¹³³ Dierbare God, U is dieselfde God wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, U is die God wat Noag in die ark ingestuur het, U is die Een wat by die Hebreeuse kinders in die vuuroord was, Daniël in die leeu kuil, by Jesus op daardie opstandingsoggend, by Paulus, en die apostels, U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, U is die Een Wat opgestaan het op Paasoggend, en aan die dissipels verskyn het, en in ’n kamertjie ingegaan het saam met hulle, en iets gedoen het, en ’n werk gedoen het net soos U het voor U kruisiging, en hulle het herken dat dit U was.

¹³⁴ O Ewige God, ek bid dat U U seëning sal stuur deur vir Jesus, die Heilige Gees, op ons te stuur vanaand. En soos ons ons liggaam, en siel, en verstand, alles oorgee aan U, ons dierbare Verlosser, salf ons met U Gees. Gaan uit en tussen hierdie mense in, Here, en laat hulle verstaan dat die Môrester oor ons skyn. Die Alfa en Oméga is hier, Hy wat Was, en Wat Is, en Sal Kom, die Wortel en Nageslag van Dawid, die Raadsman, Vredevoers, die Sterke God, die Ewige Vader, Hy bly dieselfde. Skenk, dat Sy

Heilige Gees sal beweeg in ons vlees en aan ons van Sy Goddelike belofte seëninge sal gee, soos ons verder wag.

¹³⁵ Dan Here God, my stem kan nie met enigiemand praat tot enige nut nie, maar U Stem kan, Here, en laat elke persoon verstaan, selfs tot die kinders wat teenwoordig is vanaand, dat die Heilige Gees die betekenis van die Woorde aan hulle uitlê, dat hulle sou weet dat ons in die laaste ure lewe. Hierdie tekens was veronderstel om gedoen te word net voor die Koms van die Here Jesus, en die verwerping van die Heidense mense, 'n volk vir Sy Naam uit te neem. God, skenk dat mense dit mag sien vanaand. Ek bid hierdie seëning, in Jesus' Naam. Amen.

¹³⁶ Ek glo ons het gisteraand geroep, in die gebedskaartjies, van nommer een af. Het ons nie gisteraand nie? Wat's die . . . ? Wat? M. Kom ons begin vanaf—kom ons begin dan vanaf vyftig vanaand. Wie het 'n gebedskaartjie, kyk daarna, en dit 'n M daarop het, soos Mattheüs waaruit ek gepreek het? M, Maria, M, vyftig, steek jou hand op. M vyftig. Ver agter, 'n dame ver agter aan die agterkant. Goed, kom hiernatoe, dame, aan my regterkant. M een-en-vyftig, steek jou hand op. Goed, hier oorkant.

¹³⁷ M twee-en-vyftig, net hier, hier oorkant. Drie-en-vyftig, M, drie-en-vyftig, sal jy jou hand opsteek? Is hierdie die dame net hier? M drie-en-vyftig. Gaan reguit hiernatoe, dame. M vier-en-vyftig. Die man? Vyf-en-vyftig, M vyf-en-vyftig, sal jy jou hand opsteek? Goed, jou plek hier oorkant. Ses-en-vyftig, M, ses-en-vyftig, sewe-en-vyftig, agt-en-vyftig, nege-en-vyftig, sestig, sestig tot vyf-en-sestig. Ek sien net omtrent drie wat staan. Een-en-sestig, twee-en-sestig, drie-en-sestig, vier-en-sestig, vyf-en-sestig, in M, laat hulle staan. Ses-en-sestig, sewe-en-sestig, agt-en-sestig, nege-en-sestig, sewentig, in M.

¹³⁸ Nou, as ek kry . . . Julle let op, gewoonlik hou Broer Vayle, my gewoonlik dop, en Billy Paul, my seun, Mnr. Goad wat hier sit, Mnr. Mercier, hulle hou my dop. Ek weet nie, wanneer die salwing tref, weet ek nie hoe moeg ek is nie, maar hulle was so lank by my, hulle weet wanneer ek genoeg gehad het, hulle hardloop in en raak my aan my sy, dis om my te laat weet dat ek ver genoeg gegaan het.

¹³⁹ My vrou sit teenwoordig, en dis . . . Eenkeer het ek amper 'n ineenstorting gehad, omdat ek te lank aangegaan het. Nou, as predikers ineenstortings kry net deur te preek . . . Broer, suster, besef julle een visioen sal meer skade aan jou doen, jou meer uitput as twee ure van harde prediking? Hoeveel weet dat dit waar is?

¹⁴⁰ Wel, Jesus, een vrou het Sy kleed aangeraak, totdat Hy uitgevind het wat verkeerd was met haar, Hy het gesê: "Krag het van My uitgegaan." Is dit reg? Daniël het een visioen gesien, gesê: "Ek was ontsteld in my kop vir baie dae." Is dit waar? Sekerlik. Elía, het opgekom op die Berg Karmel en 'n visioen gesien, Vuur

uit die Hemel geroep en reën uit die Hemel uit op dieselfde dag, en toe, nadat die krag van God hom verlaat het, het hy in die woestyn rondgedwaal vir veertig dae en nagte, en God het hom agter in 'n grot gevind. Het julle dit ooit geweet? Jona, nadat die inspirasie hom verlaat het om sy boodskap te preek, het hy op 'n berg geklim en vir God gevra om sy lewe te neem. Het julle dit geweet?

¹⁴¹ Julle verstaan nie, dis net nie... Dit help nie om dit te probeer verduidelik nie, dis in 'n ander wêreld, dis iets wat God weet wat was, wat is, en wat sal wees. Glo julle dit nie?

¹⁴² Nou, as die Here Jesus op die toneel sal kom vanaand, en sal optree en doen net soos Hy gedoen het toe Hy Galiléa bewandel het, hoeveel van julle sê: "Dit sal my Hom meer laat liefhê"?

¹⁴³ Nou, hoeveel hierbinne het nie 'n gebedskaartjie nie, maar julle wil hê Jesus moet julle genees? Steek julle hand op. Goed, dis net oral. Nou, glo net. Onthou, terwyl een hier genees word, word daar dosyne genees daarbuite. Onthou julle dit, julle pastore, nadat ek 'n lang tyd weg is, sal julle vroue hoor kom, mans wat kom: maagprobleme is weg, kankers het gesond geword. Wel, jy—jy kan hulle net nie almal noem nie, daar's net soveel. Maar God seën, hou net aan glo, God sal dit gee. God is daarbuite, hierdie is net bloot dat julle mag weet dat Hy is, en 'n Beloner van dié...

¹⁴⁴ Nou, hoeveel weet dat Jesus Christus, toe Hy hier op aarde was, dat 'n vrou Sy kleed aangeraak, en Hy omgedraai, en gesê het: "Wie het My aangeraak?" En almal van hulle het dit ontken, totdat hy die vrou gevind het, wat haar probleem was, en vir haar gesê, en gesê het haar geloof het haar genees. Hoeveel weet dit? Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en die Bybel het gesê Hy's 'n Hoëpriester, net nou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede... Is dit reg? Wel dan, as Hy dieselfde Hoëpriester is, sou Hy dieselfde moes optree, sou Hy nie? Goed, glo jy dit nou met jou hele hart.

Gaan vir hierdie hier bid, kom ons buig nou ons hoofde.

¹⁴⁵ Here God, ek bring hierdie sakdoeke na U toe, mense wag vir hulle, Here. Ons word geleer in die Bybel dat hulle van die liggaam van Paulus, sakdoeke of voorskote geneem het, onrein geeste het uit die mense uitgegaan, en hulle is genees.

¹⁴⁶ Ons weet ons is nie Paulus nie, maar ons weet dat U nog steeds Jesus is, en dit was nie Paulus om mee te begin nie, dit was U, Here, maar hulle het gesien dat U dienskneg deur U geseën is, en hy U verteenwoordiger was, hulle het geloof gehad. Here, hierdie mense is—is net so lojaal, hulle glo wanneer hulle hierdie dinge sien gebeur. Ek bid God, dat U hierdie sakdoeke sal seën vir hulle bepaalde doel.

¹⁴⁷ En een skrywer het gesê dat toe Israel afgesny is deur die Skelfsee van die beloofde land, dat God afgekyk het deur

daardie Vuurkolom met kwaai oë, en die Skelfsee bang geword en terugbeweeg het, Israel het op sy pad na die beloofde land gegaan. God skenk vanaand, dat U nie net deur die Vuurkolom sal kyk nie, maar deur die Bloed van Jesus, en kyk na die vyand wat hierdie mense afgesny het van gesondheid, en mag die duiwel bang word wanneer hierdie sakdoeke op hulle gelê word, as 'n teken van hierdie diens vanaand, en mag hy wegbeweeg, en die mense aangaan na daardie belofte van goeie gesondheid. Skenk dit, Vader. Ek stuur hulle vir daardie doel. In Jesus' Naam. Amen.

¹⁴⁸ [’n Broer sê: “Sal die orreliste asseblief na die orrel toe kom, kom asseblief na die orrel toe.”—Red.] Jy mag jou sakdoek onmiddellik na die diens kry.

¹⁴⁹ Nou, hier is ons. Nou, sodra... As hulle my uit die diens uitneem, laat sommige van julle predikerbroers, nou... Sien, julle het net dieselfde reg wat enige ander mens het, God antwoord julle gebed net soos Hy myne sou antwoord. Hy sal enigiemand se gebed beantwoord, wat sal glo waarvoor hulle bid. Sien? Nou, gewoonlik bid ek nie vir die mense nie, dis ’n Goddelike gawe om mense te laat besef dat Christus nie dood is nie, maar lewe. Wel, as Hy lewe, sal Hy sekerlik Sy Woord hou.

¹⁵⁰ Nou, julle daarbuite, wat nie ’n gebedskaartjie het nie, hou julle net aan bid, kyk hiernatoe, en sê: “Here, ek gaan U glo met alles wat in my is, gaan ek glo. Laat my U kleed aanraak.” As jy baie siek is, sê vir God, sê: “Die dokter sê ek gaan sterf, maar Here, U belofte sê ek kan lewe, so ek kyk na U, bevestig dit vir my vanaand. Broer Branham ken my nie, maar laat hom net omdraai, en bevestig U dit vir my deur hom, en laat hom optree op dieselfde manier wat U opgetree het toe die vrou U kleed aangeraak het.” Kyk of Hy dit sal doen. As Hy dit nie doen nie, is ek ’n valse profeet van Sy Woord; as Hy dit doen, het ek die waarheid gepraat, en is Hy lewendig. As Hy dood is, kan ons ’n Mohammedaan wees, Boeddha, maak geen verskil nie, net sielkunde, in elk geval; maar as Hy lewe, is Hy ’n lewende God.

Nou wees net baie eerbiedig en bid, moenie twyfel nie, maar glo.

¹⁵¹ (Gebedsry? Afwesig? Het, al die mense het in ’n ry ingekom? Goed.) Nou, sodra hierdie gebedsry eindig, wil ek hê die prediker moet reguit hiernatoe kom, party van julle broers, laat die gebedsry voortgaan, net soos julle voortgaan, laat almal voor gebid word.

¹⁵² Nou, ek veronderstel dat almal hierbinne besef dat julle almal vreemdelinge vir my is. Die enigste persoon wat ek, regtig, kan sê wat ek ken, is twee mans waarvan ek weet, een net hier en een hier, dis Broer Goad en die broer hier. Ek behoort hierdie man te ken, maar ek, op ’n manier kan ek dit nie noem nie. Ek ken jou nie, nee, ek ken nie. Lyk asof ek jou iewers gesien het.

153 Hoeveel daarbuite is vreemdelinge vir my, en ek niks van af weet nie? Steek jou hand op. Ek sien wel vir Broer en Suster Wood wat daar sit, hieragter sit, hulle is my bure, wat hier reg agter in die middelry sit. Hy was 'n Jehova Getuie; ek wens ons het tyd gehad om te vertel wat gebeur het, Broer Banks, ons het nie.

154 Hoeveel het die storie gehoor van die opstanding van die klein vissie nie lank gelede nie, op die waters, steek julle hande op, dit gelees het in die boek? Broer Wood, wat net hier sit, was teenwoordig om dit te sien gebeur, het gesien hoedat dit die vorige dag vertel is. Dit reg, Broer Wood? Sien, dis reg. Het baie van daardie dinge gesien.

155 Julle sien net die geringe kant daarvan, net wat net hier is, wat julle amper sal laat wonder, julle behoort 'n rukkie te volg. Kyk wat het die koningin gesê van daardie gawe daar, sy het gesê: "Salig is die manne wat saam met jou bedien, wat hierdie groot ding daagliks sien." Sien? Hulle gaan saam en sien wat gebeur.

156 Maar wat in die dienste plaasvind, 'n amateur ding hier, die groot visioene vind plaas buite die diens. Julle doen dit met julle eie geloof, hier nou gebruik julle God se gawe, maar wanneer God Sy Eie gawe gebruik, is dit baie anders. Die vrou het Hom aangeraak, en Hy het krag van Hom voel uitgaan, maar Hy . . . God het vir Sy Seun 'n visioen gegee, Hom weggestuur, want Jesus het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys nie." Is dit reg? Johannes 5:19. Alles wat Hy gedoen het, het die Vader Hom deur visioen gewys wat om te doen, behalwe die mense wat Hom aangeraak het, soos daardie, toe Hy . . . hulle—hulle geloof het dit getrek, of die Fariseërs wat Hom gekritiseer het, Hy kon hulle gedagtes onderskei.

157 Daardie wonderlike Een, vriende, is hier vanaand. Hoeveel het al ooit die foto daarvan gesien? Steek julle hande op. Dis net hier in die gebou, hulle het dit. Gene, het julle almal daardie foto's? Bring julle hulle hier na die platvorm toe om hulle te wys? O, hulle het hulle nooit gebring nie. Wens dat ek een hier gehad het, maar ek het nie nou nie, egter, hulle is daaragter. Daardie selfde Engel is nie vyf voet van waar ek nou staan nie. En as ek julle nooit weer sien tot die Oordeelsdag nie: Vind uit of dit waar is of nie wanneer ons antwoord op daardie Dag. Moenie let op die boodskapper nie, luister na die Boodskap.

158 Goed. Watter is die dame? Hierdie hier? Jy? Kom net 'n bietjie nader, dis alles reg. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, dame. Ek ken jou nie, het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Dit reg is, sal jy net jou hand opsteek sodat mense kan sien?

159 Nou, hier's 'n prentjie van Johannes 4. Wees almal nou baie eerbiedig. Of Hy sal of nie, weet ek nie, as Hy dit doen, het ek dit vir julle uit die Boek gelees. Hoeveel was hier gewees gisteraand? Steek julle hand op. O, die hele gehoor hier. Hoe Hy gesê het net

Woord vir Woord gegaan wat Hy gedoen het, wat Hy gesien het, dit gaan ek weer hersien.

¹⁶⁰ Hier's 'n man en 'n vrou net soos Johannes 4, toe 'n man en 'n vrou vir hulle eerste keer in die lewe ontmoet het. Miskien was die vrou baie jonger as wat Jesus was, soos dit weer hier is vanaand. 'n Man en 'n vrou ontmoet. Nou, in Johannes 4 het Jesus gesit by 'n put, iets soos hierdie hier, en 'n vrou het uitgekom om water te kry, en Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Dis nie die gebruik vir julle Jode om Samaritane so-iets te vra nie."

¹⁶¹ Hy het gesê: "Maar, as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." Hoeveel ken daardie storie? Wat het Jesus gedoen? Kontak gemaak met haar gees. En toe Hy gevind het wat haar gees . . . wat haar probleem was, toe het Hy vir haar gesê wat haar probleem was, en toe het Hy gesê: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie."

Wat het sy gesê? Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

¹⁶² Nou, dit was die teken van die Messias, is dit reg? En sy het in die stad ingehardloop, en kyk wat sy vir haar mense gesê het: "Kom sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?"

¹⁶³ Toe Hy dit met 'n Jood gedoen het, wat het daardie Jood gesê? "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Maar die groot, stywe kerk het rondgestaan, gesê: "Daardie man is 'n fortuinverteller, die duiwel." Hulle is in die hel vanaand, Natánael se naam is onsterflik, hy is onsterflik daarmee saam, so is die vrou by die put.

¹⁶⁴ Nou, as Jesus dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid, ek ken nie die vrou nie, ken nie haar nasionaliteit nie, weet niks van haar af nie, maar Hy kan vir my sê, en as Hy vir my kan sê wat verkeerd is met die vrou, of *so-iets* soos Hy het met die vrou by die put, laat haar die beoordelaar wees. Nou, as ek gesê het: "Dame, jy's siek, gaan my hande op jou lê. Halleluja! Jy gaan gesond word." Sy kon dit glo, dit sou in orde wees, dit sou in orde wees.

¹⁶⁵ En as dit 'n gawe is wat God julle broers gegee het, bly daarby, dis waar God julle wil hê. Jy sal nooit 'n oog maak as jy 'n oor is nie, onthou dit. Jy sal net die Liggaam opmors totdat jy jou regte plek kry en daar bly in jou roeping. As jy 'n diaken is, bly 'n diaken; jy pastoor is, bly 'n pastoor. Moenie iets probeer wees wat

jy nie is nie, wees net wat jy is. As jy net 'n vinger of vingernaal is, wees 'n goeie een, God sal jou jou plek in die Heerlikheid gee.

¹⁶⁶ Nou, as die Heilige Gees aan my sal openbaar dit waarvoor jy hier is, wat jou probleem is, of *so-iets* waarvan jy weet ek niks weet nie, dan weet jy dit sal van die Heilige Gees af moet kom, of een of ander Gees, sou dit nie? Dit sou moes wees.

¹⁶⁷ Hoeveel sal daarvan getuig? Dit sou van een of ander Gees moes wees. Nou, as dit kom, en nadat ek die Evangelie gepreek het, as 'n prediker van die Evangelie, net duidelik uit die Bybel. . . Jaar na jaar, ek is nege-en-veertig jaar oud, ek het visioene gesien vandat ek net 'n babaseuntjie was nie meer as twee jaar oud nie, nie een keer het een ooit uit die miljoene gefaal nie, sal nie nou faal nie, want dis God, kan nie faal nie.

¹⁶⁸ Nou, julle weet 'n fortuinverteller raai, telepatie, hulle sê: "Neem 'n nommer, en laat my konsentreer, en kyk wat jou, watter nommer. . ." Dis onsin, dit is nie eers tien persent reg nie. Dis reg. God is volmaak. Hierdie is nie agter in 'n kamer onder 'n ouija bord nie, dis reg hierbuite, oop en bloot voor tweeduisend mense of meer, sekerlik.

¹⁶⁹ Ons eerste ontmoeting, God ken jou, en Hy ken my. En as Hy sal, deur Sy genade, die dierbare Heilige Gees laat, Wie—Wie ons, eendag in Sy Teenwoordigheid sal staan om rekenskap van ons lewe te gee, as Hy my sal laat weet wat verkeerd is met jou, of iets, soos Hy het met die vrou by die put, iets waarvan jy weet ek niks weet nie, sal jy ontvang, en glo dat Hy waar is, en dit Christus is, sal jy dit glo? Mag Hy dit gee.

¹⁷⁰ Nou, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, die dame is baie bewus dat iets aan die gang is. Tussen my en die vrou staan daardie Lig soos 'n Vuurkolom, en Dit gaan verby die vrou, Dit staan buite langs haar, sy's nie hier vir haarself nie, sy's hier vir iemand anders. Dis reg. En dis iets omtrent 'n ongeluk, dis 'n outomobiël ongeluk, dis 'n meisie, dis jou niggie. Sy was in 'n motorongeluk, is nou in die hospitaal, en daar's iets baie erg verkeerd met haar met haar kop, en jy is hiernatoe gestuur om in haar plek te staan om te vra vir gebed, SO SPREEK DIE HERE.

¹⁷¹ Nou wees jy die beoordelaar. Was dit alles reg? As dit is, wuif jou hand soos *hierdie*. Nou, wat jy ook al gevra het, die Lig, of wat. . . die Lig wat by jou was, Wie dit gesê het, het die persoon geseën waarvoor jy staan, gaan terug en moenie bekommerd wees nie, jy het waarvoor jy gevra het.

¹⁷² Wees baie eerbiedig. Lewe Jesus? Glo julle dit was die Heilige Gees? Goed, dan sal julle groter dinge as hierdie sien.

¹⁷³ Ek veronderstel hierdie is ons eerste ontmoeting. Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie. As dit reg is, net sodat die mense sal verstaan en weet dat ek jou nie ken nie. . . As die Here Jesus aan my sal openbaar waarom jy bekommerd is, of iets waarvan jy weet waarvan ek

niks weet nie, sal jy dan glo dat Hy geïnteresseerd is in jou probleem? Goed. Nou kan jy jou hand net 'n oomblik laat sak. Nou, wees net—net... Wat dit ook al is, ek weet nie. Maar as Hy...

¹⁷⁴ As dit siekte is en ek kan jou genees, jy's 'n vrou omtrent die ouderdom van my moeder, reken ek, en as ek enigiets vir jou kon doen en dit nie sou doen nie, sou ek nie geskik wees om agter hierdie preekstoel te staan nie. Nee, meneer. Ek—ek—ek het my moeder lief, en ek, en jy's miskien iemand se moeder, en hier staan ek vanaand om alles te doen wat ek kan om jou te help. En al wat ek kan doen, is om te sê wat die Bybel sê: Jesus het opgestaan uit die dood om enige belofte te hou waarvoor Hy gesterf het.

¹⁷⁵ Nou, as Hy aan jou sal openbaar net soos Hy het in die Bybel, dan sal jy glo dat ek Sy dienskneg is; ek die waarheid vertel het volgens Sy Woord, en Hy dit bevestig het deur dit werklik te maak vir jou.

Nou wees baie eerbiedig.

¹⁷⁶ Dis nie jyself waarvoor jy gebed wil hê nie, dis iemand anders, en dis 'n klein kindjie, en ek sien dit, en dis in 'n verskriklike toestand. Jy's die ouma van die kind. Die kind lyk na omtrent sewe of agt jaar oud, en dis beide doof, en stom, en verstandelik vertraag. En daardie kind is van, nie—nie hier nie, dit is nie hierrond nie, jy is nie, hierdie is nie die plek nie, dis 'n plat landstreek, meer... Dis Georgia, dis waar die kind vandaan kom, dis SO SPREEK DIE HERE. Wees jy die beoordelaar. Glo jy nou? Gaan, ontvang dit soos jy dit geglo het, mag dit vir jou wees, in die Naam van die Here Jesus.

Goed, wees eerbiedig.

¹⁷⁷ Ek reken hierdie is ons eerste ontmoeting, die Here God weet, sal ons albei oordeel. [Die suster sê: "Jy ken my nie, maar ek was al voorheen in jou dienste."—Red.] Jy... Ek ken jou nie, maar jy was buite in my dienste, net soos daarbuite. ["En in Chattanooga."] Ja. Wel, ek sou jou nie ken nie, glad geen manier hê om jou te ken nie. Goed. As die Here my dan sal laat weet waarvoor jy hier is, wat verkeerd is met jou, of iets wat jy weet wat ek nie weet nie, dan sal jy dit aanvaar as van Christus. Glo jy dat ek Sy dienskneg is?

¹⁷⁸ Jy's nie hier vir jouself nie, daar bly 'n man voor my kom, en dis jou broer. As God aan my sal openbaar wat verkeerd is met jou broer, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Jou broer het longprobleme, en hy het iets verkeerd met sy lippe. Dis reg. Hy is ook nie hier nie, hy's in 'n... Dis ook Georgia. Dis reg.

¹⁷⁹ Nie net dit nie, maar jy het 'n jonger man, 'n jong man, so lyk dit, wat voor my kom, wat iets verkeerd het met sy bloed, en hy's nie in hierdie landstreek nie, maar 'n landstreek omtrent soos dit, hy's van Tennessee. En dis jou skoonseun, en hy het diabetes:

SO SPREEK DIE HERE. Glo nou, gaan en ontvang waarvoor jy gevra het, in die Naam van die Here Jesus.

Glo jy?

¹⁸⁰ Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Kan Hy aan my openbaar waarvoor jy hier is? Sal jy dit glo? Nou wees baie eerbiedig. Dame, jy's geskadu tot die dood, net God kan jou genadig wees. Jy's bewus van wat jou probleem is, dis 'n gewas, en die gewas is kankeragtig, en dis in die kop. Jy het een in jou mond, jy het een in jou maag. Maar God is 'n Geneser. Glo jy dit? Glo Hom dan nou, en dit sal jou alles verlaat. Glo jy God sal my gebed hoor? [Die suster sê: "Ja."—Red.]

¹⁸¹ Dan vervloek ek die ding in die Naam van Jesus Christus: Kom uit die vrou uit en verlaat haar!

¹⁸² Gaan juig nou en dank God, word gesond.

¹⁸³ "As julle kan glo, is alles moontlik. As julle kan glo!" Wees nou baie eerbiedig.

¹⁸⁴ Ek hou 'n jong vrou hier dop, die Lig van God bly oor die vrou hang, maar daar breek geen visioen nie. Glo jy dat ek Sy dienskneg, Christus se dienskneg is? Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken jou. As die Here God aan my sal openbaar waarvoor jy hier staan, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is?

¹⁸⁵ Sal die gehoor dieselfde doen? Nou, almal van julle, ek's so swak dat almal van julle net lyk asof dit soos een persoon is wat daar sit. Dit kan. . . Jy kan kwalik onderskei wat visioen is, wat nie is nie.

¹⁸⁶ Jou probleem is rugprobleme, en dis rektale probleem. Jou vrou is ook hier, is sy nie? Sy wil ook gebed hê. Sy het 'n gebedskaartjie gehad, maar dit is nie geroep nie. Glo jy God kan vir my sê wat haar probleem is? Sy het probleme met haar oë, met haar kop, sy het hooikoors. Dis reg, is dit nie? Jy's nie van hier nie, 'n plek met die naam van, iets soos, Camden, Noord Carolina. Mnr. Duvall, dis wat jou naam is, gaan terug huis toe, God het jou gebed beantwoord vir beide jou en vrou. Gaan en mag God met jou wees.

¹⁸⁷ Mev. Borden, jy's van Chattanooga, ek ken jou nie, maar jy het probleme met jou voete, en jy het lae bloeddruk. Dis reg. Moenie vrees nie, jy's alreeds genees, Jesus Christus het jou gesond gemaak.

¹⁸⁸ Jou hartprobleem het opgehou, dame, gaan huis toe, juig, en sê: "Dank U, Here Jesus."

Glo nou met julle hele hart, wees eerbiedig.

¹⁸⁹ Hierdie die pasiënt? Aangename kennis, seuntjie? Jy's 'n baie goeie seuntjie. Hou jy van Sondagskool? Het jy Jesus lief? Nou, toe Jesus op aarde was, het Hy klein seuntjies geneem soos jy, wat

siek was, en Hy sou vir hulle sê wat verkeerd was met hulle, en sou hulle seën. En dan as Hy Sy hande opgelê en die kindertjies geseën het, wel, het hulle gesond geword, het hulle nie? Maar Jesus het gesterf, Hy het weer opgestaan, opgegaan in die Hemel, toe het Hy Sy Heilige Gees teruggestuur, en Sy Heilige Gees is nou hier, en Hy moet iemand se hand gebruik, Hy moet iemand se mond gebruik, Hy moet iemand se oë gebruik. Glo jy Hy sal my laat sien wat verkeerd is met jou? Sal jy dan vir Jesus glo, dit Jesus is wat hier staan? Nie ek, Hy, glo jy dit?

¹⁹⁰ Ek bly twee klein seuntjies sien. Hier's die ander seuntjie wat hier reg agter sit, dis 'n asmatiese toestand met albei van hulle. Dis reg. Laat die seuntjie daaragter opstaan. Dis reg, pa. God seën jou, jou geloof het. . . Satan het gedink hy sal dan daarmee wegkom. Daardie donker streep tussen die twee kinders het weggegaan, julle is genees, gaan op julle pad huis toe blymoedig, albei van julle. God seën jou, broer. Dis die manier om dit te doen. Hê geloof in God.

¹⁹¹ O, is Hy nie Jesus nie? Wat het hulle aangeraak? Wat raak die mense aan? Nie vir my nie, hulle raak die Here Jesus aan.

¹⁹² Glo jy daardie diabetes sal weggaan, jy sal gesond word? Gaan op jou pad, sê: "Dank U, Here." Glo met jou hele hart.

¹⁹³ Kom, meneer. Ek ken jou nie. Net 'n oomblik. Hierdie man het maagprobleme, daardie man wat daar reg agter sit, en bid, reg daarbinne, het ook maagprobleme. Julle het gebid, en julle is albei genees. Jesus Christus maak julle albei gesond, gaan huis toe en eet wat julle wil, God het julle gesond gemaak.

¹⁹⁴ En jy het ook maagprobleme gehad, so jy is dieselfde tyd genees, gaan net aan en prys God.

¹⁹⁵ O, die Here Jesus lewe en regeer! Glo julle? Hê nou geloof, moenie twyfel nie.

¹⁹⁶ Die dame wat reg daarbuite op die punt van die sitplek sit, ly aan spatate, glo jy die Here God sal jou gesond maak? Jy dit glo, kan jy dit kry.

¹⁹⁷ Wat tweede daarbinne sit met, soort van 'n hartprobleem het, en 'n gewas. Glo jy God genees jou? Goed, jy kan jou genesing ontvang. Gaan op jou pad, juig en sê: "Dank U, Here."

¹⁹⁸ Wat as ek vir jou gesê het jy is genees, niks daarvan gesê het nie, sou jy my woord daarvoor aanvaar? Gaan voort, roep dan die lofprysing van God uit.

¹⁹⁹ Kom, dame. Wat as ek niks vir jou gesê het nie, net gesê het jy is genees, sal jy my woord daarvoor aanvaar? Dan het die diabetes jou verlaat, so jy kan aan en juig.

²⁰⁰ Toe jy opgestaan het uit daardie sitplek, het iets snaaks gevoel vir jou, het dit nie? Jou rugprobleem is weg op daardie tyd, sodat jy op jou pad kan gaan, en juig, en sê: "Dank U, God."

201 Jy het 'n senuweetoestand wat 'n harttoestand veroorsaak. Jy's genees, gaan op jou pad, en juig, en sê: "Dank U, Here God."

202 Jou hoofsaak is senuweeagtigheid, wat veroorsaak het dat jy 'n maagseer in jou maag het, jy kan nie reg eet nie. Daar's 'n groep van hulle hierbuite wat aan dieselfde ding ly, daardie senuweetoestand. Laat ek vir jou wys:

203 Almal wat ly aan 'n senuweetoestand, staan op julle voete. Nou, hoe sou ek dit daarin noem? Daar het julle dit. Bly net 'n oomblik staan. Staan net hier, suster.

204 Kom gelowig. Dieselfde ding met daardie man, dis 'n senuweeagtige maag, net dieselfde ding. Staan net hier.

205 Hou net aan opstaan, geloof hê, moenie twyfel nie, glo God. As jy glo met jou hele hart!

206 Goed, kom reguit aan, bring reguit aan. Goed, meneer.

207 Goed, dame, staan jy net hier, jy sal nie die operasie hoef te hê as jy—as jy dit regtig glo met jou hele lewe nie, gewas sal weggaan.

208 Almal met gewasse daarbuite—buite van enige soort staan op julle voete, staan reg agter oorkant in hierdie kant hier.

209 Glo julle met julle hele hart? Almal wat enigiets verkeerd het met hulle, staan net 'n oomblik op julle voete. Nou, glo julle God? Glo julle dat wat ek gesê het die waarheid is? Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoeveel hierbinne is dan gelowiges? Steek julle hande op soos *hierdie*. Nou, terwyl julle julle hande opgesteek het, lê hulle oorkant op iemand langs julle wat hulle hande opgesteek het. Nou lê julle hande nou oor, ek wil hê julle moet doen net wat ek vir julle sê.

210 Net hier . . . ? . . . Reg agter, die res van julle in die gebedsry, lê julle hande reguit op mekaar.

211 Nou wil ek hê julle moet hierdie gebed agter my aan bid, terwyl ek dit sê, bid julle dit:

212 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van Ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, ek glo waarlik dat Jesus Christus die Seun van God is, Hy opgestaan het uit die dood, Hy Sy Heilige Gees uitgestuur het om Sy bediening voort te sit in die Kerk, totdat Hy terugkeer in 'n fisiese liggaam. Ek glo nou dat Hy teenwoordig is, en ek 'n gelowige is, en Hy het dit belowe: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

213 Here, ek bid, vir die persoon waarop ek my hande het, soos ek vir hulle bid, en hulle vir my bid, laat U Heilige Gees elke twyfel uit my gemoed uitdryf, dat ek U as my Geneser kan ontvang. Ek sal U dien al die dae van my lewe, ek sal getuig tot U eer. Here, op U Woord en U belofte, glo ek nou dat ek genees is.

²¹⁴ Nou, O God, beveel ons die duiwel om van hierdie plek af weg te gaan, in die Naam van Jesus Christus!

²¹⁵ Daar is dit, julle het dit nou, julle is genees, elkeen van julle. Ek verklaar julle gesond, in die Naam van die Here Jesus Christus. 

58-0620 Die Koningin Van Die Suide
Tekstiel Saal
Greenville, Suid-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org